


Die Voortrekkers



WERKBOEK
vir
Penkoppe en Drawwertjies
in
Graad 4

Uitgegee deur:

Die Voortrekkers, Posbus 12542,
QUEENSWOOD 0121

Kopiereg: **Die Voortrekkers**,

Eerste uitgawe, eerste druk 1995

Eerste hersiening, eerste druk 1999

Tweede hersiening, eerste druk 2001

Derde hersiening, eerste druk 2003

Tweede uitgawe, eerste druk 2005

Eerste hersiening, eerste druk 2006

Tweede hersiening, eerste druk 2011

Derde hersiening, eerste druk 2012

Vierde hersiening, eerste druk 2013

Vyfde hersiening, eerste druk 2017

ISBN 1-920124-10-1

INHOUD

EK AS MENS	5
1 Menswees	5
2 Weerbaarheid	9
3 Beplanning.....	15
EK IN MY OMGEWING	17
1 Padveiligheid vir die Fietsryer.....	17
2 Natuur en Omgewing.....	23
3 Seine.....	27
4 Kampering	31
5 Dienslewering	37
EK AS VOORTREKKER.....	39
1 Die Voortrekkers – Die Oord.....	39
2 Spesialisasies	41
3 Geskiedenis van Die Voortrekkers	43
4 Seremonie vaardighede	47
5 Voortrekkerkode.....	49
6 Voortrekkerdrag en Kleurstelsel.....	51
7 Sang	53
8 Spele	55
EK AS AFRIKANER	57
1 Helde uit ons Geskiedenis	57
2 Eietydse Helde	59
EK AS LANDSBURGER	61
1 Die Geskiedenis van ons Volk en Land.....	61
2 Vlae.....	65

EK AS MENS

1 MENSWEES


1.1 KLEREDRAG

Plak prente van mense met verskillende soorte klere aan en skryf daarby vir watter geleentheid die klere geskik is.

1.2 PERSOONLIKE VERSORGING


A BASIESE HIGIËNE

- Bad of stort elke dag.
- Borsel jou tande elke dag.
- Borsel jou hare elke dag.
- Was jou hande na toilet gebruik.
- Was jou hande voor etes.
- Trek elke dag skoon onderklere aan.



B SONBRAND

- Dra 'n hoed.
- Smeer sonbrandroom aan jou gesig en ore voordat jy die huis verlaat.
- Bly uit direkte son tussen 11:00 en 15:00.
- Vermy nat hoede, dit kan lei tot onder andere sonsteek.
- Neem genoeg vloeistof in – verkieslik water.



1.3 OPTREDE TYDENS GROEPSDRUK

- Wat is groepsdruk?
- Noem minstens een geleentheid waar jy toegegee het aan groepsdruk.
- Noem minstens een geleentheid waar jy groepsdruk weerstaan het.
- Bespreek saam met jou spanmaats of groepsdruk altyd negatief is.

1.4 TAALGEBRUIK

- Noem 'n aantal woorde wat gereeld deur julle maats gebruik word wat julle as slordige Afrikaans beskou, byvoorbeeld *check*.
- Neem van die bogenoemde woorde en kyk of julle goeie Afrikaanse woorde daarvoor kan kry of maak geskikte woorde.
- Wat kan julle span doen om mekaar aan te moedig om goeie Afrikaans te praat?
- Beïnvloed SMS-taal of WhatsApp jou spelling?

1.5 MY BEELD NA BUIITE


- Sal iemand wat jy vir die eerste keer ontmoet se kleredrag vir jou iets sê van die persoon en jou opinie oor hom of haar beïnvloed? Byvoorbeeld Voortrekkerdrag, spandrag, skooldrag, sportdrag en gewone klere.
- Kan die taal wat iemand praat vir jou iets van hom of haar vertel?



2 WEERBAARHEID

2.1 OMGEWINGSGEVARE

A VUURWAPENS




Kinders mag NIE
vuurwapens hanteer NIE.

B ONTVOERING

WAARSKUWING

Met vreemde omies praat ek nooit
Al wil hulle vir my lekkers gee
In vreemde karre klim ek nooit
Al is dit 'n splinternuwe BMW

Deur AntjieKrog



C MOLESTERING

- Jou liggaam is privaat eiendom en jy het die alleenreg daarop. Niemand, wie dit ook al is, mag aan jou liggaam vat sonder jou toestemming nie.
- As jy ongelukkig of ongemaklik voel oor 'n aanraking, mag jy weier en moet jy ook baie beslis wees.
- Jy moet weet dat jy nie oor sulke ongemaklike aanrakings mag stilbly nie.

Moet **NIE** stories van molestering aandra indien dit nie waar is nie. **Dit kan baie hartseer meebring.**


**Om “nee” te sê verg baie meer
moed as om maar net saam te doen.**



2.2 MORELE AANSLAE

A MUSIEK

- Dit is baie belangrik om na die regte musiek te luister, selfs al moet jy van jou maats verskil.



Die musiek waarna ek luister -
kan van my 'n innerlike mooi mens maak,
of
dit kan my gedagtes besoedel.

- Jou offisier gaan vir jou 5 liedjies speel. Skryf die naam van elkeen neer en in die kolom langs aan hoe dit jou laat voel. (hartseer, vrolik, opgewonde, kwaad of verveeld)

LIEDJIE	HOE VOEL EK
1.	
2.	
3.	
4.	
5.	

As jy na musiek luister, vra jouself die vraag "As Jesus nou hier was wat sou Hy gesê het, en wat sou jy gedoen het?"

B LEESSTOF

- Ons is baie bevoorreg om so baie boeke te hê om te lees en dan nogal in Afrikaans. Jy kan vir die assistent in die biblioteek omtrent enige soort boek vra en sy sal dit vir jou kan gee.
- Dit is baie lekker om te lees. Ons moet baie lees want daardeur leer ons baie nuwe woorde en begrippe.
- Wat is die mooiste Afrikaanse boek wat jy al gelees het?
- Wie was die skrywer?
- Hoekom het jy so baie van die boek gehou?

C TELEVISIE EN RADIO


- Wees dankbaar as mamma en pappa julle verbied om na sekere televisieprogramme te kyk, want hulle is lief vir jou en hulle weet wat goed is vir jou.



- In sommige televisieprogramme kom wrede, lelike en onchristelike tonele voor wat jou sal verwar en bangmaak vir die lewe.
- Gesels met jou ouers, offisier of 'n verantwoordelike persoon oor goed wat jou bangmaak op die televisie.

D REKENAAR EN INTERNET

- Wees versigtig wanneer jy die internet gebruik.
- Laat jou ouers, offisier of verantwoordelike persoon jou help om by goeie webtuistes in te skakel.
- Net soos daar mense is wat jou fisies kan seermaak is daar Kuber boelies wat jou oor die internet emosioneel baie skade kan aandoen. Kies versigtig met wie jy kommunikeer en moenie persoonlike inligting deel nie.

**E SELFOON**

- 'n Selfoon is 'n baie handige kommunikasiemiddel, maar word deur slegte mense misbruik om lelike boodskappe deur te stuur. Moet dus nie jou selfoonnommer vir enige persoon gee nie.
- Moet niks op jou selfoon stoor waaroor jy skaam sal wees nie.
- Moenie jou persoonlike inligting na vreemde nommers aanstuur nie.
- Moenie sms'e of Whatsapp boodskappe stuur na vreemde nommers nie.

Al bied die lewe jou die soetste wyn.
Skud jou kop en hou jou rein.

3 BEPLANNING

3.1 BEGINSELS VAN BEPLANNING


Wanneer jy 'n versameling saamstel oefen jy ook om die beginsels van beplanning toe te pas.

As jy 'n versameling wil begin moet jy:

- weet waarom jy dit wil doen;
- deeglike "navorsing" doen;
- bepaal of dit bekostigbaar;
- seker wees dit is sinvol;
- 'n lys maak van die bronne wat jy wil gebruik.

3.2 VERSAMELING

Versamel 'n groep artikels in spanverband en pas die beginsels genoem in 3.1 toe.



EK IN MY OMGEWING

1 PADVEILIGHEID VIR DIE FIETSRYER

Hier is 'n paar waardevolle wenke vir fietsryers. Voltooi dit:

Ry _____ mekaar.

Ry op 'n veilige _____ van mekaar.

Moenie _____ voertuie deurvleg nie.

Bly op 'n veilige afstand agter ander _____

Moet nooit aan 'n _____ voertuig vashou nie.

'n Fiets is slegs vir _____ persoon bedoel.

Gehoorsaam pad _____

Gee _____ altyd betyds en duidelik.

1.1 PADREËLS VIR DIE FIETSRYER

Bespreek die padreëls vir die fietsryer.

Teken die regte handseine in.

		
STOP	DRAAI LINKS	DRAAI REGS




1.2 DIE ONDERHOUD VAN 'n FIETS

Gereelde versorging van 'n fiets:


- ☐ **Remme.** Goeie remme is noodsaaklik.
- ☐ **Wiele.** Los of gebreekte speke of 'n gebuigde velling sal die wiel laat waggel en beheer oor die fiets moeilik maak. (Wat is die "velling"?)
- ☐ **Klokkie.** Die klokkie moet helder luisodajy ander padgebruikers, wat jou nie sien aankom nie, kan waarsku. Die klokkie moet naby jou hand wees en stewig vas wees.
- ☐ **Bande.** Die bande moet styf gepomp wees. Pap bande beskadig die binneband en bemoeilik jou ryery. Gladde bande gly maklik op 'n nat ryvlak.
- **Lig.** As jy in onweer of in die donker ry, moet jou fiets 'n lig hê. ('n flitslig is nie genoeg nie).
- ☐ **Ketting.** As die ketting te styf is, sal jy moeilik trap en gou moeg word. 'n Ketting wat te los is, sal afglip. Stukkende skakels moet vervang word.
- ☐ **Alle bewegende dele** moet gereeld goed geolie word om slytasie te voorkom.
- ☐ **Alle moere en skroewe** moet styf vas wees.
- Die **saal** moet stewig vas wees en op 'n gerieflike hoogte gestel wees.
- ☐ Die onderste gedeelte van die **agterste modderskerm** moet wit geverf wees en altyd skoon gehou word. Dit maak die fiets sigbaar in die donker of in swak lig.
- ☐ **Weerkaatsers** - Maak seker dat die rooi weerkaatser agter en die wit weerkaatser voor aan die fiets skoon en stewig vas is sodat dit van ver af sigbaar is.

- **Bêre** jou fiets altyd op 'n veilige plek sodat daar geen gevaar is dat ander mense daaroor kan val of ry nie. (Bv. nie in die motorpad of op die sypaadjie nie.)



Wat word die verskillende dele van 'n fiets genoem? Skryf dié woorde op die regte plekke by die prent.


saal	stuurstang	lig	rem
ketting	pedaal	wiel	klokkie



Vul die nommer van die fietsdeel in waaroor elke sin gaan:

- ☐ Ek gebruik dit om my fiets te laat stop.
- ☐ Ek gebruik dit om mense teen gevaar te waarsku.
- ☐ Ek gebruik dit om my fiets testuur.
- ☐ Ek trap dit om my fiets te laat ry.
- ☐ Ek gebruik dit sodat mense my in die donker kan sien.

Merk die verkeerde optredes op die prent.



2 NATUUR EN OMGEWING

2.1 DIE MENS SE OPDRAG TEN OPSIGTE VAN DIE NATUUR

God het vir ons 'n opdrag gegee

Gen. 1: 26 – 28 (1983 Vertaling)



26. Toe het God gesê: "Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld, sodat hy kan heers oor die vis in die see, die voëls in die lug, die mak diere, die wilde diere en al die diere wat op die aarde kruip."


27. God het die mens geskep as Sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep.

28. Toe het God hulle geseën en vir hulle gesê: "Wees vrugbaar, word baie, bewoon die aarde en bewerk dit. Heers oor die visse in die see, oor die voëls in die lug, oor al die diere wat op die aarde kruip."

2.2 BALANS IN DIE NATUUR

In die natuur is diere en plante vir hul voortbestaan van mekaar afhanklik.






Bespreek hoe die diere en plante in die sketse vir hulle voortbestaan van mekaar afhanklik is.

2.3 VERSTEURINGS IN DIE NATUUR

Bespreek hoe kan ek die volgende versteurings in die natuur voorkom:



- ☐ Besoedeling.
- ☐ Habitatvernietiging.
- ☐ Uitputting van natuurlike hulpbronne.
- ☐ Uitheemse diere, indringerplante.
- ☐ Onwettige handel, byvoorbeeld met ivoor of renosterhoring.
- ☐ Versteuring van die ekologiese ketting.

Bespreek die volgende in spanverband:

- ☐ Hoe kan ek help om in en om ons huis water te bespaar.
- ☐ Wat is die verskil tussen bedreigde en uitgestorwe diere en plante.


Doen die volgende:

- ☐ Probeer om meer van bedreigde en uitgestorwe spesies te wete te kom.
- ☐ Plant saam met jou span 'n boom as jul bydrae tot bewaring.

Het jy geweet:

- Elke mens produseer gemiddeld 2,5 kg afval per dag in Suid-Afrika.
- Dit kos die land jaarliks miljoene rande om afval te verwyder.
- Die wêreldbevolking neem toe teen drie mense per sekonde = $\frac{1}{4}$ miljoen per dag. Op 31 Oktober 2011 is die 7 miljardste persoon op aarde gebore.
- Bome is die grootste lewende organismes. Party bome word tot 100m hoog en kan tot 2000 jaar oud word.
- Die mens kap die aarde se woude af teen 24 hektaar (ongeveer 24 rugbyvelde) per minuut, 24 uur per dag. Die mens is dus besig om sy suurstof vir die toekoms te vernietig.
- Daar is vasgestel dat 44% van die Leerrugseeskilpaaie plastiek in hul spysverteringskanale het.
- Elke dier wat vergiftig word, veroorsaak ook die dood van ander diere.


'n Mooi dier, die Kaapse Bergkwagga, wat uitgesterf het omdat die mens dit uitgeroei het.



3 SEINE

3.1 HANDSEINE

Oefen en gebruik die volgende handseine.



3.2 VELDSEINE (SPOORSNYTEKENS)

Jy kan kies watter pad jy wil volg (dubbelpad)	
	Dit is nie die regte pad nie
Ons is terug huis toe / kamp toe	
	Drie tree links is 'n briefie vir julle

- Bespreek drie belangrike reëls van die gedragskode vir 'n spoorsnyer.
- Bespreek die redes waarom jy dink dat julle spoorsnydag 'n sukses was.
- Lees die verslag van die Tierespan se spoorsnydag en dui aan waarom dit 'n mislukking was.

Al die Tiere het gesorg vir heelwat aartappelskyfies en lekkers vir die uitstappie. Hulle offisier het mooi verduidelik wat hulle moet doen en hulle het saam vertrek.

Johan en Gert het vooruit gehardloop. Tinus en Willem het met hulle selfone loop en speel en dus ver agter geraak. Niemand kon die spanleier hoor nie want Pieter se klein CD-speler het harde musiek verskaf terwyl hy die een na die ander jong boompie se toppies afgeskop het. Chris kon weer nie wag om die spoorsnytekens, soos hulle verby beweeg het, stukkend te skop nie.

Die span het darem stuk-stuk weer by die offisier uitgekom.

Plak hier foto's van julle spoorsnysafari of teken 'n prent van die hoogtepunte

3.3 GEHEIME SKRIF

A METODE1

	1	2	3	4	5
1	A	B	C	D	E
2	F	G	H	I	J
3	K	L	M	N	O
4	P	R	S	T	U
5	V	W	X	Y	Z

Om die woord "HOU" in die kode te skryf, maak ons so: soek die letter H. Watter syfer staan bokant H? 3. Watter syfer staan links van H? 2. In plaas daarvan om H te skryf, skryf ons 32. So is 53 dan 'n O, en U is 54. Die kode of sleutel word altyd so gelees: eers van bo, dan na links.

3
↓
2 - H

VOORTREKKERS HOU KOERS sal dan so lyk:

155353244424511313512434 325354 1353512434.

Wanneer julle nou hierdie geheime skrif wil lees, weet julle dat elke twee syfers een letter is. Tussen woorde is spasies en aan die einde van 'n sin is 'n punt met 'n klein kringetjie daarom.

Die kode sleutel kan nou verander deur een of albei van die rye syfers te verander (sien skets hieronder). Onthou net weer die reël dat die hele span vroegtydig van elke verandering kennis moet dra.

	5	4	3	2	1
5	A	B	C	D	E
4	F	G	H	I	J
3	K	L	M	N	O
2	P	R	S	T	U
2	V	W	X	Y	Z


H O U

Sal nou so lees: 34 13 12

B METODE2


Hier is 'n heel eenvoudige, maar baie effektiewe geheime skrif wat al baie jare lank deur Voortrekkers gebruik word:

Skryf die alfabet in blokkies en blokkies met kolletjies soos op die sketse.




Wanneer julle nou in kode wil skryf, word letters vervang met die raampie of raampie met kolletjies waarin dit staan.

VOORTREKKERS HOU KOERS sal dan so lyk:



Tussen elke woord is 'n spasie, en aan die einde van 'n sin is 'n kolletjie met 'n klein kringetjie om.

Daar is sommer baie soorte geheimskrif, maar watter een julle ook al gebruik, onthou net om sorg te dra dat elke spanlid presies weet hoe om dit te gebruik en wat die huidige sleutel of kode is.



4 KAMPERING

Ons span gaan kamp! !

4.1 DOEL VAN DIE KAMP

4.2 'N KAMPTERREIN

Bespreek watter vereistes stel jy aan 'n kampplek.

Naam en ligging van die terrein:

SKETS VAN DIE KAMPTERREIN / BOU 'N MODEL VAN 'N KAMPTERREIN.

4.3 DIE KAMPPROGRAM


Vul die dag en tyd by die aktiwiteit in:

ONS KAMPPROGRAM		
DAG	TYD	AKTIWITEIT
		Vervoer na kamp
		Aankoms, voorbereiding en inrig van terrein
		Bespreking van reëls en program
		Ete
		Aandprogram
		Aandgodsdienst
		Milo en bed toe.
		Opstaan en stiltetyd
		Vlagseremonie en inspeksie
		Ontbyt
		Oggend-aktiwiteit
		Middagete
		Middag-aktiwiteit
		Vlagseremonie
		Vertrek huis toe

4.4 KNIEHALTERSLAG.

- Dit is die knoop wat gebruik word om die vlagtou aan die paal vas te maak en om kampgeriewe mee te begin.
- Met hierdie knoop kan 'n tou baie stewig aan 'n paal of stok vasgemaak word.
- Die knoop is vroeër gebruik om perde mee te kniehalter (vandaar die naam) en ook om swepe aan die sweepstok vas te maak.
- Hierdie knoop word net met een punt van die tou gemaak met die veronderstelling dat die ander punt aan die halter (bopunt) of die vlagpaal vas is.

- Dit word altyd om 'n paal of stok gemaak.



Metode:

1. Volg die pyle in die skets om die Kniehalterslag om die vlagpaal te kan maak.
2. Hou die hystou met die linkerhand net bokant die posisie waar die knoop gemaak gaan word vas. Dit keer dat die vlag nie sak nie en maak terselfdertyd plek vir die tou om deur te kom. Skets 1.
3. Met die regterhand maak jy 'n omslag om die paal en bring die punte van die hystou bokant die omslag uit.
4. Die linkerhand hou nog steeds die hystou gespan.
5. Met jou regterhand trek jy nou die omslag styf sodat jy jou linkerhand kan versit na die posisie wat in hierdie skets aangetoon word sonder dat jy die hystou skiet gee. Skets 2.
6. Maak nou die tweede omslag met die regterhand.
7. Bring nou die punte van die hystou bokant die tweede omslag by die linkerhand uit en trek nou albei omslae styf en ondertoe. Skets 3 en 4. Die Kniehalterslag is nou voltooi. Dié knoop bly stewig vas om die paal en sal nie loswikkels en die vlag laat sak nie.
8. Vou die tou wat oorbly nadat die knoop gemaak is 'n paar keer dubbeld. Druk dan die opgevoude tou tussen die paal en die styfgespande tou teen die paal in en trek dit afwaarts vas.




4.5 NOODHULPSAKKIE

Dit is noodsaaklik om 'n noodhulpsakkie na alle kampe te neem. Bespreek die inhoud van 'n noodhulpsakkie en waarom die artikels saamgeneem moet word.

Hier volg 'n voorstel vir 'n noodhulpsakkie:

- Die grootte na voltooiing is 20 cm x 50cm.
- Neem 'n stuk materiaal van 36 cm x 50 cm. Werk die twee langkante af. Vou albei langkante 8 cm na binne om slopies te kan vorm.
- Werk hakkies en ogies of “velgro” aan die ente om die sakkie te kan vasmaak wanneer dit opgerol word.
- Werk ook 'n band aan sodat dit maklik oor die skouer gedra kan word.



5 DIENSLEWERING

Bespreek hoe 'n span diens kan doen in *Die Voortrekkers*.

Noem 'n paar voorstelle.

Bespreek hoe gaan ek hierdie jaar diens lewer aan mense buite *Die Voortrekkers*.

Noem 'n paar idees.



Voltooi die onderstaande tabel in die loop van die jaar:

Diens Gelewer	Datum	Handtekening van persoon wat hulpontvang het.


Geleenthede vir dienslewering

Reëls:

1. Gebruik 'n  dobbelsteen en skyfies.
2. Jy kan op- of afgang.
3. Gaan in die kamer as jy op 'n deur land.
4. Sê hoe jy die persoon in die kamer sal help. Merk die persoon se naam op die lys hieronder.
5. Die eerste een wat al die name afmerk en tuis kom, wen.

Ek kan hulle help:

Ma	☐
Pa	☐
Tante	☐
Oupa	☐
Suster	☐
Ouma	☐
Broer	☐



EK AS VOORTREKKER

1 DIE VOORTREKKERS – DIE OORD

1.1 SAMESTELLING VAN 'n OORD

'n Aantal kommando's word saam gegroepeer om 'n oord te vorm.

Kommando	Kommando	Kommando	Kommando	Kommando
----------	----------	----------	----------	----------



My kommando:	Kommando	Kommando
--------------	----------	----------

Oord:





- Die dagbestuur en hul rangkentekens van die oord word soos volg saamgestel:

1.2 RANGKENTEKENS

Oordleier (drie rooi kompasse op bruin agtergrond)




Adjunkoordleier (twee rooi kompasse op bruin agtergrond)




Die oordbestuur bestaan uit die **oorddagbestuur** en **kommandoleiers** van al die kommando's in die oord.

Die hoogste gesag binne die oord word die **oordbestuur** genoem.



Die oord is soos 'n hand met 'n klompie vingers. Die oord is die hand
en die verskillende kommando's is die vingers.



2 SPESIALISASIES

2.1 ONS BEPLAN OM VANJAAR VAN DIE VOLGENDE SPESIALISASIES TE DOEN.

Ek as mens	Ek in my Omgewing	Ek as Voortrekker	Ek as Afrikaner	Ek as Landsburger
Versamelkuns Gr4 (B)	Plantekennis (B)	Sang (B)	Groot Trek (B)	Omgewingskennis (B)
Gasheer/Gasvrou (B)	Ruimte waarneming (B)	Groepspele (B)	Anglo-Boere oorlog Gr 4 (B)	Vasbyt (C)
	Waterfiksheid (C)		My Taal (B)	Gestremdhede (B)
	Dierekennis (B)			
	Seekennis (C)			

2.2 EK HET DIE VOLGENDE SPESIALISASIES DEEGLIK VOLTOOI EN HET KENTEKENS DAARVOOR ONTVANG.

Naam van Spesialisasie	Dit het gehandel oor:

3 GESKIEDENIS VAN DIE VOORTREKKERS

3.1 OORSPRONG EN KEUSE VAN DIE NAAM

Die Voortrekkers is gestig op
30 September 1931

Hy het die eerste Voortrekkers ingelyf:




Genl. JBM Hertzog

Hy het die Voortrekkerwapen ontwerp:



Prof B. Taute



Hy het die leuse voorgestel:



Dr. NJ van der Merwe

Hy was die eerste hoofleier:


Dr. NJ van der Merwe




Hy het vir ons die name Penkop en Drawwertjie gegee:



Oom Japie Heese





Sy het die eerste Voortrekkervlag gemaak:



Mev. MM Jansen

Hy het die naam aan die beweging gegee:



Vader Visser

Die Voortrekkers

4 SEREMONIE VAARDIGHEDE

My offisier reken dat ek die volgende vaardighede bemeester het:

Aksie	Datum	Handtekening
Op die plek rus		
Aandag		
Deelname aan Apèl		
Saluut		
Staan in rus		
Taak van die merker		
Deelname aan vlagseremonie		

Voortrekkersaluut

Vlagdraers salueer die vlag nadat dit ontplooi is of voor dit gestryk word om respek te betoon vir die vlag.




5 VOORTREKKERKODE

Pas die reël van die kode by die verduideliking.

Reël van die Kode	Verduideliking
'n Voortrekker is trots op ons taal, kultuur en erfenis en bevorder dit.	'n Voortrekker moet 'n kind van God wees.
'n Voortrekker waardeer en bewaar sy omgewing.	'n Voortrekker doen wat hy beloof het en leef met integriteit.
'n Voortrekker glo in die Drie-enige God en dien Hom.	'n Voortrekker luister na die mense wat oor hom gestel is soos sy ouers, onderwysers en offisiere.
'n Voortrekker leef met respek.	'n Voortrekker praat Afrikaans suiwer, besoek ons volk se monumente, pas ons kultuurgoedere op en bou nuwe monumente.
'n Voortrekker neem leiding.	'n Voortrekker ken die verhale van sy volk se verlede, waardeer die mooi dinge daarin onthou en volg die goeie voorbeelde.
'n Voortrekker se woord is sy eer.	'n Voortrekker is lief vir diere en plante en beskadig nie die natuur nie.
'n Voortrekker leer uit die geskiedenis en bou daarop voort.	'n Voortrekker het eerbied vir alle mense en neem ander in ag.
'n Voortrekker is oplettend en weerbaar.	'n Voortrekker kan die regte rigting aanwys. (fisies en geestelik)
'n Voortrekker is gehoorsaam.	'n Voortrekker help ander sonder om aangesê te word.
'n Voortrekker is diensbaar.	'n Voortrekker is wakker en bewus van wat om hom aangaan en is voorbereid om in enige situasie op te tree.

6 VOORTREKKERDRAG EN KLEURSTELSEL

- 'n Eenvoudige skets van 'n os met 'n juk op en twee skeie. Die stroprieme kom dan in die kepe van die skeie, onder om die os se nek, om die juk in posisie te hou.



- 'n Tekening van 'n voorjuk.

Die voorjuk verskil van ander jukke omdat dit die een langer skei het om die leiriem aan op te hak.



- Die posisie van die juk word op 'n skets van die erkenningsbaadjie aangedui.

6.1 BESPREEK DIE VOLGENDE VRAE:

- Wat was die doel van die skeie op die Groot Trek?
- Wat is die nut van die stropriem?
- Wat beteken die uitdrukking "om noustrop te trek"?

Skryf die kleure van die boeke wat vanaf graad een tot graad vyf gebruik word, in volgorde neer.

Graad 1	Graad 2	Graad 3	Graad 4	Graad 5
---------	---------	---------	---------	---------

6.2 VOLTOOI:

Vir jou eerste jaar as Voortrekker ontvang jy 'nskei

Vir joujaar ontvang jy 'n rooi skei

Vir jou derde jaar ontvang jy 'nskei

7 SANG

'n Volksliedjie is 'n populêre, eenvoudige liedjie wat in die volksmond ontstaan het en van geslag tot geslag oorgedra word.

'n Vaderlandsliedjie is 'n liedjie waar jy oor die liefde vir jou land sing.

- **ONS HET DIE VOLGENDE LIEDERE VANJAARAANGELEER.**

Volksliedjies	1. 2.
Vaderlandsliedjies	1. 2.
Liedjies wat 'n Positiewe boodskap oordra.	1. 2.

- **DIE WOORDE WORD IN DIE HARDEBLADBOEK GEPLAKSAAM MET AL ONS ANDER LIEDJIES.**



8 SPELE

8.1 ONS HET DIE VOLGENDE DRIE SPELETJIES GESPEEL EN EK PLAK HIER FOTO'S IN OM DIT TE BEWYS.



8.2 BESPREEKWAAROM SPELREËLS GEVOLG MOET WORD.

EK AS AFRIKANER

1 HELDE UIT ONS GESKIEDENIS.

Wolraad Woltemade

Saam met sy perd, Vonk het hy 'n heldedaaad verrig toe hy 14 mense tydens 'n groot storm van 'n sinkende skip af gered het.

Die skip se naam was die Jonge Thomas.

Wolraad Woltemade het met sy perd 7 keer in die see ingegaan en elke keer 2 mense van die skip af land toe te bring.

Die agste keer het Wolraad en sy perd verdrink.

Deur sy heldedaaad is 14 mense se lewens gered.



Vir baie jare was daar 'n toekenning in Suid-Afrika vir heldedade wat na Wolraad Woltemade vernoem is, die Woltemadekruis.

Die Woltemadekruis is deur die staatpresident oorhandig. In 2002 is dit vervang met ander toekennings.

Wat is 'n heldedade?

- Dit word verrig in lewensgevaarlike omstandighede.
- Die persoon wat dit doen dink nie aan sy eie veiligheid nie.
- Soms sterf die held wanneer hy die heldedade verrig maar dis nie altyd die geval nie.

2 EIETYDSE HELDE

2.1 DIE SPAN BESPREEK HULLE OPTREDE IN DIE VOLGENDE GEVALLE.

- Die voertuig vol Penkoppe en Drawwertjies loop van die pad af en 'n paar spanlede word beseer. Wat sal jy doen?
- Jy en jou maat vang alleen vis. Jou maat verstik en kan nie asem kry nie, want die kos sit in sy lugweg vas. Wat gaan jy doen?

2.2 HELEDADADE

Luister na die verhale van die twee heldedade wat jou offisier uit sy/haar handleiding vir julle sal voorlees en lees dan hier onder self die verhaal van Elné Jordaan.

Elné Jordaan se heldedaad.

Elné, was maar net 8 jaar oud toe sy eendag onverskrokke in die swembad gespring het omdat sy haar jonger sussie, Rochelle, op die bodem sien lê het.

Elné het in die water gespartel en moes telkens opkom om asem te haal voordat sy haar sussie kon beetkry.

Sy het Rochelle na die kant van die swembad gebring waar die huishulp Rochelle kon uithaal.

Rochelle was reeds potblou en almal het gedink dat sy nie meer leef nie. Hulle ouma het mond-tot-mond asemhaling toegepas totdat Rochelle weer self begin asemhaal het.


Die dokter het gesê dat Elné se vinnige optrede Rochelle se lewe gered het, want as Rochelle sekondes langer in die water was, sou sy breinskade opgedoen het.

Elné sê dat Liewe Jesus vir haar gesê het wat om te doen en haar gehelp het om dit te doen.

- Sou julle sê dat Elné die enigste held in die verhaal was? Motiveer jou antwoord.
- Gesels nou as span saam en besluit dan waarom julle reken dat die kinders in hierdie drie gevalle, helde genoem kan word.

Vertel ook vir jou spanmaats van heldedade waarvan jy weet.

Bou as span 'n monument vir een van hierdie helde. Julle kan selfs 'n onthulling of kransleggingseremonie by julle monument hou.




EK AS LANDSBURGER

1 DIE GESKIEDENIS VAN ONS VOLK EN LAND

1.1 DIE GROOT TREK


Hier is die trek- en ekspedisieroetes wat die verskillende Voortrekkerleiers gevolg het.

Volg die trekroete van elke trekkerleier met 'n ander kleur potlood.



1.2 DIE BELANGRIKSTE TREKLEIERS WAS:


 Louis Trigardt	 Johannes van Rensburg (Lang Hans)	 Gert Maritz (Gerrit)
 Hendrik Potgieter	 Piet Retief	 Pieter Uys

1.3 BESPREEK DIE REDES WAAROM DIE GROOT TREK PLAASGEVIND HET.**1.4 VERTEL DIE LEWENSWYSE TYDENS DIE GROOT TREK.****1.5 DIE VERHAAL VAN DIE SLAG VAN BLOEDRIVIER.****1.6 BESPREEK DIE SIMBOLIEK VAN 'n MONUMENT OOR DIE GROOT TREK.****GROOT TREK MONUMENTE:**

Voortrekkermonument in Pretoria.



Geloftekerk in Pietermaritzburg



Voortrekkermonument by Winburg



Sarel Cilliers by moederkerk in Kroonstad





Bloedrivier monument /



Bespreek hoekom ons vandag nog
Geloftedag moet vier?


2 VLAE

2.1 DIE NASIONALE VLAG

Vlag van die Republiek van Suid-Afrika	Vlag van Namibië
	
Die landsvlag is op 27 April 1994 amptelik in gebruik geneem.	Die landsvlag is op 21 Maart 1990 amptelik in gebruik geneem.

Omdat die vlag 'n simbool van die onafhanklike regering van die land is, behandel Voortrekkers landsvlae altyd met die nodige respek.

2.2 DIE VOORTREKKERVLAG



Op 30 September 1931 is die eerste Voortrekkervlag, wat Mev M M Jansen self gemaak het, deur genl. J B M Hertzog aan **Die Voortrekkers** oorhandig. Die vlag lyk soos die vlag wat vroeër deur die Republiek van Natalia gebruik was.

2.3 VLAGKODE

Vlagreëls wat ons moet gehoorsaam:

- Die vlag mag nooit aan die grond raak nie.
- In baie stormagtige weer kan 'n stormvlag gehys word.
- Die landsvlag word altyd eerste gehys en laaste gestryk.
- 'n Vlag moet teen sonder gestryk wees. Slegs as dit belig word mag dit na donker nog hang aan die vlagpaal.

2.4 KNOPE

Tydens vlagseremonies word die volgende knope gebruik:

- Voorslagknoop
- Kniehalterslag

2.5 DIE VLAGLIED

- Tydens 'n vlagseremonie sing ons die Nasionale Lied.
- Die woorde van die Vlaglied is deur C. J. Langenhoven geskryf in 'n gedig en die musiek deur F. J. Joubert. Die Vlaglied is slegs die **laaste strofe** van die gedig "Ons eie vlag".

DIE VLAGLIED

*Nooit hoef jou kinders wat trou is te vra:
Wat beteken jou vlag dan, Suid-Afrika? -
Ons weet hy's die seël van ons vryheid en reg
Vir naaste en vreemde, vir oorman en kneg;
Die pand van ons erf'nis, geslag op geslag,
Om te hou vir ons kinders se kinders wat wag;
Ons nasie se grondbrief van eiendomsland,
Uitgee op gesag van die Hoogste se hand.
Oor ons hoof sal ons hys, in ons hart sal ons dra,
Die vlag van ons eie Suid-Afrika.*